No 22 - 2025] SECOND SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

TUESDAY, 30 SEPTEMBER 2025

**HOUSE: 10:00**

**Provincial Economic Review and Outlook – Ms D M Baartman, Minister of Finance.**

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(25 September 2025)***

1. Mr N Constable: That this House warmly congratulates the Minister of Sport, Arts and Culture, Hon Gayton McKenzie, for his visionary leadership in securing the allocation of R82 million for the procurement and implementation of the Video Assistant Referee (VAR) system in South African football; notes that the Department of Sport, Arts and Culture, in partnership with the South African Football Association (Safa) and the Premier Soccer League (PSL), has made significant progress in bringing this world-class technology to our local game; further recognises that VAR is more than just a tool for officiating, but a crucial step towards fairness, professionalism and accountability in sport, ensuring that decisions on the field are transparent, accurate and beyond reproach; acknowledges that, through this initiative, Minister Gayton McKenzie is not only aligning South African football with global standards, but is also restoring the faith of millions of supporters who have long called for a system that enhances integrity and confidence in the beautiful game; commends Minister Gayton McKenzie for his boldness, decisive action and unwavering commitment to transforming South African sport; and extends its gratitude for his efforts to ensure that our athletes and fans are given the very best standards of excellence.

2. Mr M K Sayed: That the House notes with deep appreciation the spirit of solidarity demonstrated by South African Jews who have chosen to stand with the people of Palestine in their time of great suffering, as they face various attacks from within their own community; recognises the Jewish charity, the Mauerberger Foundation Fund, under the leadership of Dianna Yach, for its generous contribution of R1 million to Gift of the Givers, directed towards urgent humanitarian relief efforts in Gaza amidst the genocide; notes that this act of compassion and justice embodies the principles of ubuntu and resonates with the Jewish value of Tikkun Olam, the pursuit of repairing the world and ensuring justice; notes

that it affirms the timeless teaching that "the best among people are those who benefit mankind" as the lives of Gaza's most vulnerable children are being supported through this humanitarian partnership; condemns the callous denialism of DA Federal Chairperson, Helen Zille, who has dismissed the reality of genocide in Gaza by saying "genocide is a big word" and that she has not been to Gaza to see if it is true; notes that such remarks insult the lived experiences of the victims, trivialise their suffering and expose the DA's and the Western Cape Government's selective approach to human rights: quick to weaponise them for political convenience, but silent or dismissive when it comes to oppressed people of colour in Palestine; further acknowledges that, when communities transcend boundaries of faith, culture and history to unite in the service of humanity, extraordinary acts of justice and compassion are made possible, and it is this spirit that must guide us, not denialism and indifference; and finally calls on all residents of the Western Cape to join the march in support of Gaza on 27 September 2025, to stand on the side of justice, peace and humanity, and to reject those who turn a blind eye to crimes against humanity.

3. Mr M K Sayed: That the House notes with deep concern that schools, which should be safe spaces for learning, have increasingly become unsafe due to the spillover of gang violence across the Cape Flats, endangering learners, teachers and the future of our communities; further notes that this unsafe environment is worsened by overcrowded classrooms and inadequate infrastructure, as seen at the Mitchells Plain High School, which still operates on the premises of an old primary school, a direct failure by the Western Cape Education Department to provide suitable facilities; condemns the inconsistency and misleading claims regarding school resource officers (SROs); notes that, during my recent visit to the Lavender Hill High School to hand over computers, no SRO was present, despite the Department claiming in the Standing Committee on Education that schools in Lavender Hill are covered; notes that such inaccuracies not only erode trust, but leave learners and teachers exposed; recognises that, while SROs may provide short-term reassurance, a law enforcement–heavy approach alone cannot resolve the crisis; notes that what is required is a holistic strategy that tackles root causes through socio-economic development, after-school programmes, family support services and community-based initiatives; therefore calls on the Premier to address overcrowding urgently, to invest in proper school infrastructure, to ensure transparent reporting on safety interventions and to deliver a comprehensive approach to protect our schools, for a government that fails to protect its schools, fails to protect the future of this province.

4. Ms B Stoffel: That the House notes with concern the blatant double-speak of the Democratic Alliance when it comes to municipal tariffs; recalls that the DA's Tshwane Mayor, Cilliers Brink, has publicly criticised increases in tariffs, attempting to posture as a defender of residents against unaffordable municipal costs; notes that, at the very same time, the DA in Cape Town has imposed steep tariff hikes on water, electricity and rates, placing an unbearable financial burden on poor and working-class households; notes this hypocrisy exposes the DA's dishonest politics, where in one city they claim to stand with the people while in Cape Town they squeeze residents dry to advance their neoliberal agenda; condemns this opportunistic double-speak; and affirms that the people of the Western Cape deserve leadership that is consistent, principled and genuinely committed to alleviating the cost-of-living crisis rather than deepening it.

5. Ms N D Nkondlo: That the House notes with alarm the announcement of Helen Zille's mayoral candidacy in Johannesburg, which represents a deliberate attempt by the Democratic Alliance to extend its neoliberal, separatist and anti-poor agenda beyond the Western Cape to the rest of the country; further notes that, under Zille's leadership, the DA has entrenched patterns of exclusion, deepened inequality and pursued divisive policies that marginalise the majority while protecting privilege; condemns this dangerous political project, which threatens national unity and social justice, and affirms that the people of Johannesburg, and South Africa at large, deserve leadership rooted in transformation, inclusivity and genuine service to the poor and working class, not the extension of a neoliberal agenda dressed up as governance.

6. Ms P Z Lekker: That the House expresses grave concern at the shocking statistics recently shared by Acting Police Minister Firoz Cachalia, which reveal that, between April and September this year, there have been at least 490 gang-related murders in the Western Cape, with more than 70% occurring in Cape Town; further notes that, during this same period, almost 120 young people under the age of 18 have been shot, of whom 23 tragically lost their lives, including five children under the age of 14, while over 40 others sustained injuries; condemns the escalating gang-related violence, particularly the targeting of children and the youth; calls for urgent, coordinated action from law enforcement, government departments and community structures to address this crisis; further urges the provincial government to strengthen policing strategies, to improve intelligence operations, to support vulnerable communities and to implement preventative interventions that protect children and young people from becoming victims of gang violence; and affirms that the safety and well-being of the youth must be a top priority, and that nothing less than decisive action will be acceptable in confronting this scourge.

7. Ms N D Nkondlo: That the House notes that the African National Congress (ANC) Western Cape provincial legislature caucus joins millions of South Africans in celebrating Heritage Day, a day that honours the diverse cultures, traditions and identities that make up our rainbow nation; notes that Heritage Day is more than a symbolic occasion, it is a reminder of the rich tapestry of histories that define who we are as a people; recalls on this day the history of conflict that resulted in the province we govern, the Western Cape, being part of the former Cape Colony; notes that this is a province that represents the entry point of colonial rule and the dispossession of the indigenous people, led by the Jan van Riebeeck in 1652; notes that Jan Van Riebeeck was a colonial administrator, a hero to his people, who some celebrate today as a hero who discovered the Cape; notes that this is an absolute lie and miseducation, as Van Riebeeck was nothing but a thief who led and planted the evil roots of oppression of the indigenous people and natives off their land; notes that agriculture and its economy stand at a crossroads of this colonial history; notes that the farm evictions being experienced today by many farmworkers in the province mirror the early days of the settlers' bullying of natives off their land, fighting them with gunpowder, and forcing them out of grazing land with their families; notes that generations of people were forced into cheap labour, and their cultural identity was destroyed; notes that, as people who were self-sustained, hunting and grazing land for their livelihoods, they were reduced to farmworkers paid through the dole system; notes that parallels can be drawn in today's agri-life where farmworker families are the lowest paid, with a significant number of children born with foetal alcohol syndrome (FAS) from these households; notes that after serving the farm for more than 30 years, they are displaced in the most inhumane way through evictions and thrown into the streets with no alternative accommodation, nor valu-

able assets, nor a pension to show for years of their sweat; notes that Witzenberg and De Doorns are regarded as the "eviction hotspots" and this leads to children losing school days, and most of the children of farmworkers drop out of school in early grades; notes that land is heritage and must include generational accountability and justice to correct the land distortions mooted by Jan van Riebeeck and later disguised under property rights for beneficiaries of land theft, leaving descendants of original owners landless; and notes that the struggle for land rights continues.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11); Mr N P Masipa (p 12); Mr D W Bryant (p 12); Mr F Kamfer (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Mr M K Sayed (p 13); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Ms P Z Lekker (p 13); Ms B Stoffel (p 13); Mr D G Jacobs (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Mr D G Jacobs (p 15); Mr G Brinkhuis (p 15); Mr B Ngqentsu (p 16); Ms N D Nkondlo (p 16); Mr G Brinkhuis (p 17); Mr B Ngqentsu (p 17); Ms P Z Lekker (p 18); Mr B Ngqentsu (p 18); Ms N D Nkondlo (p 18); Mr B Ngqentsu (p 24); Ms R Windvogel (p 24); Ms N D Nkondlo (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A P Bans (p 24); Mr M K Sayed (p 25); Ms A P Bans (p 25); Ms B Stoffel (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr F Kamfer (p 25); Ms A P Bans (p 26); Ms P Z Lekker (p 26); Ms R Windvogel (p 26); Mr B Ngqentsu (p 27); Mr M K Sayed (p 27); Mr B Ngqentsu (p 28); Ms A P Bans (p 28); Ms P Z Lekker (p 29); Ms R Windvogel (p 29).

No 22 - 2025] Tweede Sessie, Sewende Parlement

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==============

# ORDELYS

==============

DINSDAG, 30 SEPTEMBER 2025

**HUIS: 10:00**

**Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing – Me D M Baartman, Minister van Finansies.**

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING** ***(25 September 2025)***

1. Mnr N Constable: Dat die Huis die Minister van Sport, Kuns en Kultuur, agb Gayton McKenzie, hartlik gelukwens met sy visionêre leierskap nadat hy ’n toewysing van R82 miljoen verkry het vir die verkryging en implementering van die Video-assistent-skeidsregterstelsel (“Video Assistant Referee system” of VAR-stelsel) vir Suid-Afrikaans sokker; kennis neem dat die Departement van Sport, Kuns en Kultuur, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (“South African Football Association” of Safa) en die Premiersokkerliga (PSL), beduidende vordering gemaak het om hierdie wêreldklas-tegnologie na ons plaaslike wedstryde te bring; verder erkenning gee dat VAR nie net ’n instrument is wat as skeidsregter optree nie, maar ’n uiters noodsaaklike stap vir regverdigheid, professionaliteit en verantwoordingspligtigheid in sport is, wat toesien dat besluite op die veld deursigtig, akkuraat en bo verdenking is; erkenning gee dat Minister Gayton McKenzie deur middel van hierdie inisiatief nie net Suid-Afrikaanse sokker in lyn bring met internasionale standaarde nie, maar ook die vertroue herstel van miljoene ondersteuners wat baie lank reeds ’n beroep doen op ’n stelsel wat integriteit en vertroue in die pragtige spel verbeter; Minister Gayton McKenzie aanprys vir sy moed, beslissende optrede en onwrikbare verbintenis tot die transformasie van Suid-Afrikaanse sport; en dankbaarheid uitspreek vir sy pogings om toe te sien dat ons speler en aanhangers die heel beste standaarde vir uitnemendheid ontvang.

2. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met diepe waardering kennis neem van die gees van eensgesindheid wat deur Suid-Afrikaanse Jode getoon is wat gekies het om saam met die mense van Palestina te staan in hul tyd van groot lyding, terwyl hulle verskeie aanvalle vanuit hul eie gemeenskap die hoof moet bied; erkenning gee aan die Joodse liefdadig-

heidsorganisasie, die Mauerberger-stigtingsfonds, onder leiding van Dianna Yach, vir sy ruim skenking van R1 miljoen aan Gift of the Givers, vir dringende humanitêre verligtingspogings in Gasa te midde van die volksmoord; kennis neem dat hierdie daad van medelye en geregtigheid die beginsels van ubuntu ten toon stel en resoneer met die Joodse waarde van Tikkun Olam, die strewe om die wêreld te herstel en geregtigheid te verseker; kennis neem dat dit die tydlose leerstelling bevestig dat "die beste mense diegene is wat die mensdom bevoordeel" terwyl die lewens van Gasa se mees weerlose kinders deur hierdie humanitêre vennootskap ondersteun word; die gevoellose ontkenning deur die DA se Federale Voorsitter, Helen Zille, veroordeel, wat die werklikheid van volksmoord in Gasa verwerp het deur te sê "volksmoord is 'n groot woord" en dat sy nie in Gasa was om te sien of dit waar is nie; kennis neem dat sulke aanmerkings die eerstehandse ervaring van die slagoffers beledig, hul lyding as onbelangrik afmaak en die DA en die Wes-Kaapse Regering se selektiewe benadering tot menseregte blootlê: gou om dit vir politieke gerieflikheidshalwe te misbruik, maar stil of minagtend met betrekking tot die onderdrukte mense van kleur in Palestina; verder erkenning gee dat, wanneer gemeenskappe grense van geloof, kultuur en geskiedenis oorskry om in diens van menslikheid saam te staan, buitengewone optrede vir geregtigheid en medemenslikheid moontlik gemaak word, en dat dit hierdie gees is wat ons moet lei, nie ontkenning en geveinsde onverskilligheid nie; en laastens 'n beroep doen op alle inwoners van die Wes-Kaap om by die protesoptog ter ondersteuning van Gasa op 27 September 2025 aan te sluit, om vir geregtigheid, vrede en menslikheid op te staan, en om diegene te verwerp wat hulle blind hou vir misdade teen die mensdom.

3. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem dat skole, wat veilige ruimtes vir leer moet wees, toenemend onveilig geword het weens die oorloopeffek van bendegeweld op die Kaapse Vlakte, wat leerders, onderwysers en die toekoms van ons gemeenskappe in gevaar stel; verder kennis neem dat hierdie onveilige omgewing vererger word deur oorvol klaskamers en onvoldoende infrastruktuur, soos waar te neem by die Hoërskool Mitchells Plain, wat steeds op die perseel van 'n ou laerskool bedryf word, 'n direkte versuim deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement om geskikte fasiliteite te verskaf; die onreëlmatigheid en misleidende bewerings met betrekking tot skoolhulpbronbeamptes (SHB's) veroordeel; kennis neem dat, tydens my onlangse besoek aan die Hoërskool Lavender Hill om rekenaars te oorhandig, daar geen SHB teenwoordig was nie, ten spyte van die feit dat die Departement voor die Staande Komitee vir Onderwys beweer het dat skole in Lavender Hill gedek word; kennis neem dat sulke onakkuraathede nie net vertroue verbreek nie, maar leerders en onderwysers blootgestel laat; erkenning gee dat, hoewel SHB's gerusstelling oor die kort termyn kan verskaf, 'n streng wetstoepassingsbenadering alleenlik nie die krisis kan oplos nie; kennis neem dat 'n holistiese strategie nodig is wat aandag skenk aan hoofoorsake deur middel van sosio-ekonomiese ontwikkeling, naskoolse programme, familie-ondersteuningsdienste en gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe; dus 'n beroep doen op die Premier om dringend aan oorbevolking aandag te skenk, om in behoorlike skoolinfrastruktuur te belê, om toe te sien dat daar deursigtige verslagdoening oor veiligheidsingrypings is en om 'n omvattende benadering te lewer om ons skole te beskerm, want 'n regering wat nie daarin slaag om sy skole te beskerm nie, slaag nie daarin om die toekoms van hierdie provinsie te beskerm nie.

4. Me B Stoffel: Dat die Huis met kommer kennis neem van die blatante gesplete tong van die Demokratiese Alliansie met betrekking tot munisipale tariewe; onthou dat die DA se Tshwane-burgemeester, Cilliers Brink, tariefverhogings in die openbaar gekritiseer het, en probeer het om hom voor te doen as 'n verdediger van inwoners teen onbekostigbare munisipale tariewe; kennis neem dat die DA in Kaapstad op presies dieselfde tyd skerp stygings in tariewe vir water, elektrisiteit en eiendomsbelasting gehef het, wat 'n ondraaglike finansiële las op arm en werkersklashuishoudings plaas; kennis neem dat hierdie skynheiligheid die DA se oneerlike politiek blootlê, waar hulle in een stad beweer om die mense te steun terwyl hulle in Kaapstad die inwoners melk om hul neoliberale agenda te bevorder; hierdie opportunistiese gesplete tong veroordeel; en bevestig dat die mense van die Wes-Kaap leierskap verdien wat konsekwent, beginselvas en werklik verbind is om die lewenskostekrisis te verlig eerder as om dit te vererger.

5. Me N D Nkondlo: Dat die Huis met kommer kennis neem van die aankondiging van Helen Zille as burgemeesterskandidaat in Johannesburg, wat 'n doelbewuste poging deur die Demokratiese Alliansie verteenwoordig om sy neoliberale, afskeidingsgesinde en teenarmoede-agenda buite die Wes-Kaap na die res van die land uit te brei; verder kennis neem dat die DA onder Zille se leierskap tendense tot uitsluiting, verdiepte ongelykheid en die strewe na verdelende beleide vasgelê het wat die meerderheid marginaliseer terwyl bevoorregting beskerm word; hierdie gevaarlike politieke projek veroordeel, wat 'n bedreiging vir nasionale eenheid en maatskaplike geregtigheid is, en bevestig dat die mense van Johannesburg, en Suid-Afrika in geheel, leierskap verdien wat gevestig is in transformasie, inklusiwiteit en werklike diens aan arm en werkersklasgemeenskappe, nie 'n uitbreiding van 'n neoliberale agenda was as bestuurstoesig vermom is nie.

6. Me P Z Lekker: Dat die Huis diepe kommer uitspreek oor die skokkende statistiek wat onlangs deur Firoz Cachalia, Waarnemende Minister van Polisie, gedeel is, wat aandui dat daar tussen April en September vanjaar minstens 490 bendeverwante moorde in die Wes-Kaap was, met meer as 70% wat in Kaapstad voorgekom het; verder kennis neem dat bykans 120 jongmense jonger as 18 jaar in dieselfde tydperk geskiet is, waarvan 23 tragies dood is, insluitende 5 kinders jonger as 14 jaar, terwyl meer as 40 beserings opgedoen het; die stygende bendeverwante geweld veroordeel, veral die teikening van kinders en die jeug; 'n beroep doen op dringende, gekoördineerde optrede deur wetstoepassing, staatsdepartemente en gemeenskapstrukture om aan hierdie krisis aandag te skenk; verder die provinsiale regering aanspoor om polisiëringstrategieë te versterk, om intelligensie-operasies te verbeter, om weerlose gemeenskappe te ondersteun en om voorkomende ingrypings te implementeer wat keer dat kinders en jongmense slagoffers van bendegeweld word; en bevestig dat die jeug se veiligheid en welstand 'n topprioriteit moet wees, en dat niks minder as beslissende optrede aanvaarbaar sal wees om aan hierdie vlaag van geweld aandag te skenk nie.

7. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem dat die koukus van die African National Congress (ANC) in die Wes-Kaapse provinsiale wetgewer by miljoene Suid-Afrikaners aangesluit het om Erfenisdag, 'n dag wat die uiteenlopende kulture, tradisies en identiteite waaruit ons reënboognasie bestaan, te vier; kennis neem dat Erfenisdag meer as 'n simboliese geleentheid is, dit is 'n herinnering aan die ryk weefsel van geskiedenisse wat bepaal wie ons as 'n nasie is; op hierdie dag die geskiedenis van konflik onthou wat in die provinsie wat ons regeer, die Wes-Kaap, plaasgevind het wat deel van die voormalige Kaapkolonie was; kennis neem dat dit 'n provinsie is wat die ingangspunt vir koloniale regering en die onteiening van inheemse mense verteenwoordig, wat in 1652 deur Jan van

> Riebeeck gelei is; kennis neem dat Jan van Riebeeck ’n koloniale administrateur was, ’n held vir sy mense, wat sommige mense vandag as ’n held vereer wat die Kaap ontdek het; kennis neem dat dit ’n blatante leuen en wanopvatting is omdat Van Riebeeck net ’n dief was wat die bose wortels van verdrukking geplant het wat gelei het tot die ontheemding van die inheemse mense en oorspronklike inwoners; kennis neem dat landbou en sy ekonomie by die kruising van hierdie koloniale geskiedenis staan; kennis neem dat die plaasuitsettings wat baie plaaswerkers in die provinsie vandag ervaar, ’n weerspieëling is van die vroeë dae toe die koloniste die oorspronklike inwoners van hul grond af geboelie het, met buskruit teen hulle geveg het, en hulle met hul families van weigrond gedwing het; kennis neem dat geslagte mense gedwing is om goedkoop arbeid te verrig, en dat hul kultuuridentiteit vernietig is; kennis neem dat, as mense wat selfonderhoudend was, met jag- en weigrond vir hul lewensbestaan, hulle tot plaaswerkers verkleineer is wat met die aalmoesstelsel betaal is; kennis neem dat vergelykings getref kan word met vandag se landboulewe waar plaaswerkerfamilies die minste betaal word, met ’n beduidende getal kinders wat in hierdie huishoudings met fetale alkoholsindroom (FAS) gebore word; kennis neem dat hulle, nadat hulle meer as 30 jaar op die plaas gewerk het, op die onmenslikste manier ontwortel word deur middel van uitsettings en op straat uitgegooi word met geen alternatiewe verblyf nie, sonder enige waardevolle bates, sonder ’n pensioen as bewys van hul sweet oor die jare; kennis neem dat Witzenberg en De Doorns as “uitsettingsbrandpunte” beskou word en dat dit veroorsaak dat kinders dae lank uit die skool bly, en dat die meeste kinders van plaaswerkers die skool vroeg verlaat; kennis neem dat grond erfenis is en verantwoordingspligtigheid en geregtigheid oor geslagte moet insluit om die grondvervormings reg te stel wat deur Jan van Riebeeck voorgestel is en later bedek is onder grondregte vir begunstigdes van gronddiefstal, wat afstammelinge van oorspronklike eienaars sonder grond gelaat het; en kennis neem dat die stryd om grondregte voortgesit word.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 8); Me A P Bans (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me B Stoffel (bl 8); Me P Z Lekker (bl 8); Mnr G Brinkhuis (bl 10); Mnr D G Jacobs (bl 10); Me N Mbombo (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Me W F Kaizer-Philander (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me A Cassiem (bl 11); Mnr N P Masipa (bl 12); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr F Kamfer (bl 12); Me A P Bans (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Mnr M K Sayed (bl 13); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Me P Z Lekker (bl 13); Me B Stoffel (bl 13); Mnr D G Jacobs (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 14); Mnr B Ngqentsu (bl 15); Mnr D G Jacobs (bl 15); Mnr G Brinkhuis (bl 15); Mnr B Ngqentsu (bl 16); Me N D Nkondlo (bl 16); Mnr G Brinkhuis (bl 17); Mnr B Ngqentsu (bl 17); Me P Z Lekker (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 18); Me N D Nkondlo (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 24); Me R Windvogel (bl 24); Me N D Nkondlo (bl 24); Me P Z Lekker (bl 24); Me A P Bans (bl 24); Mnr M K Sayed (bl 25); Me A P Bans (bl 25); Me B Stoffel (bl 25); Me P Z Lekker (bl 25); Mnr F Kamfer (bl 26); Me A P Bans ( 26); Me P Z Lekker (bl 26); Me R Windvogel (bl 26); Mnr B Ngqentsu (bl 27); Mnr M K Sayed (bl 27); Mnr M K Sayed (bl 28); Mnr B Ngqentsu (bl 28); Me A P Bans (bl 29); Me P Z Lekker (bl 29); Me R Windvogel (bl 30).